basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NASIONALE**
**SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2011

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

   | | |
   |---|---|
   | AFDELING A: Kyk- en leesbegrip (VRAAG 1, 2 en 3) | (30) |
   | AFDELING B: Opsomming (VRAAG 4) | (10) |
   | AFDELING C: Taal (VRAAG 5, 6 en 7) | (40) |

2. Lees ALLE instruksies baie goed.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Trek 'n streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: KYK- EN LEESBEGRIP

### VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die onderstaande tydskrifartikel en beantwoord die vrae.

# VERHOUDINGS WAT KAN WERK

**Speel jy kat en muis in jou verhouding?**

1 Dit is belangrik om te weet wie jy is voordat jy in 'n ernstige verhouding betrokke raak. Leer jouself eers ken en wees seker van jouself voordat jy 'n ander persoon kan leer ken. As jou meisie of kêrel nie van jou hou soos wat jy is nie, dan is sy/hy nie die regte persoon vir jou nie.

2 Verander jy partykeer jou opinie omdat jy jou meisie of kêrel beter wil laat voel? Lees hier oor die maniere waarop verhoudings werk.

3 In sekere verhoudings stem die een persoon altyd met die ander een saam, net om nie die meisie of kêrel kwaad te maak nie. Die een persoon is altyd bereid om van opinie te verander om die ander persoon te pas. Is jy, byvoorbeeld, die heeltyd bang om jouself te wees, omdat jou meisie of kêrel nie daarvan hou nie? Wees versigtig, want op hierdie manier kan jy jou eie identiteit maklik verloor.

4 Julle moet dieselfde kan dink oor belangrike dinge in die lewe, maar julle moet ook op 'n gesonde manier van mekaar verskil. Dit maak die verhouding soveel sterker as julle mekaar se lewens deel, maar ook op julle eie kan funksioneer.

5 Gaan kyk julle altyd na die flieks wat jou maat voorstel en kies jou maat altyd die musiek waarna julle luister? In 'n verhouding is dit belangrik om julle lewens en idees met mekaar te deel. Jy kan nie jou idees verander om 'n maat tevrede te stel nie. Dit sal later net tot frustrasie en ongelukkigheid lei.

6 Belangstelling in jou maat is baie belangrik. Almal wil voel en beleef dat hulle vir iemand belangrik is. Dit is maklik om partykeer iemand anders in jou lewe eerste te stel. Dit laat die ander persoon belangrik voel en dit beteken baie vir daardie persoon.

7 Om saam te kan lag, help om 'n verhouding gesond te hou. Waardeer jou maat se sterk punte en wees geduldig met mekaar se foute. As daar altyd 'n ongelukkigheid in julle saamwees is, moet jy jouself afvra of die verhouding die moeite werd is.

8 Moenie jou vriende afskeep nie en kuier soms alleen saam met jou eie vriende. Moet ook nie bang wees vir jou maat se vriende nie. As dit gebeur, kan vriende julle verhouding vernietig, want vriende kies maklik kant.

| | |
|---|---|
| 9 | Geniet julle verhouding, weet wat julle wil hê, besluit wat julle gelukkig maak, want 'n verhouding bestaan uit twee mense. Laat 'n verhouding stadig ontwikkel.<br><br>[Verwerk uit: *Huisgenoot,* 18 Maart 2010] |

1.1 Wanneer is jy reg vir 'n vaste verhouding? (1)

1.2 Jy weet dit is die regte meisie of kêrel as jy jou haarstyl moet verander omdat die persoon nie daarvan hou nie.

1.2.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.2.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.2.1. Haal EEN SIN aan. (1)

1.3 Wat kan met jou in 'n verhouding gebeur as jy altyd met jou maat saamstem? (Paragraaf 3) (1)

1.4 Noem TWEE emosies wat jy sal beleef as jy altyd net doen wat jou maat wil doen. (2)

1.5 Belangstelling in jou maat is belangrik. (Paragraaf 6)

1.5.1 Waarom is dit belangrik om in jou maat belang te stel? (1)

1.5.2 Dink aan jou eie verhouding. Hoe kan jy in jou verhouding wys dat jy in jou maat belangstel? (1)

1.6 Wanneer moet jy begin wonder of dit 'n verhouding is wat **nie** gaan werk **nie**? (Paragraaf 7) (1)

1.7 Hoe kan vriende dit vir julle moeilik maak om julle verhouding te laat werk? (1)

1.8 Is hierdie artikel persoonlik of onpersoonlik aangebied? Motiveer jou antwoord. (2)

1.9 Watter bron sal jy gebruik as jy die volledige artikel wil lees? (1)
**[13]**

**EN**

## VRAAG 2: BOEKRESENSIES

Lees die onderstaande boekresensies en beantwoord die vrae.




***Perfek* deur Jaco Jacobs & Nicolene Louw** (Lapa)

Die bekende jeugskrywer, Jaco Jacobs, se jongste boek is interessant. Die skryfstyl is eenvoudig, die storie kom tot die punt en is propvol humor. Die boek het baie goeie tekeninge deur Nicolene Louw. Die nuwe klasmaat, Natasja, is perfek. Sy het perfekte hare, tande, bene en oë. En Jak is onmiddellik smoorverlief. Sy beste vriendin, Julia, help hom met 'n plan, maar Julia het natuurlik haar eie plannetjies ... Wat is die gevolge?

Uitgewersprys R70
Rooi Rose-prys R63




***Die No. 1-Vrouespeuragentskap* deur Alexander McCall Smith** (Maskew Miller)

Die heerlike, eerste storie in die boekreeks vertel van Mma Precious Ramotswe. Sy is Botswana se enigste private vrouespeurder en die hele wêreld het haar stories al baie geniet. Dié stories is nou uiteindelik in Afrikaans vertaal. En goed vertaal. Mma Ramotswe is lief vir mense, lief vir Botswana en so nou en dan ontmoet sy slegte mense. Dit verander nie haar geloof in die goedheid van die mens nie. Saam met haar slim, *nerdy* sekretaresse, Grace Makutse, staan hulle saam teen Botswana se misdadigers. Dit is 'n reis van gebeure vol pret en plesier. Wat 'n heerlike boek!

Uitgewersprys R130
Rooi Rose-prys R117

[Verwerk uit: *Rooi Rose*, Julie 2010]

2.1 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.
Die boek, *Perfek*, is veral geskryf vir (kleuters/jongmense/grootmense). (1)

2.2 Haal EEN WOORD aan wat die skrywer van *Perfek* beskryf. (1)

2.3 Die boek, *Perfek,* sal ’n mens lekker laat lag.

2.3.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.3.2 Motiveer jou antwoord met TWEE OPEENVOLGENDE WOORDE uit die teks. (1)

2.4 “... , maar Julia het natuurlik haar eie plannetjies ...” (Reëls 9 en 10)

Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Hierdie woorde impliseer dat Julia planne het wat ...

A vir haar die beste sal pas.
B Jak gelukkig sal maak.
C Natasja op Jak verlief sal maak.
D vir die drie jongmense goed sal werk. (1)

2.5 Dink aan enige persoon wat ’n perfekte voorkoms het.
Beteken dit dat daardie persoon outomaties ook ’n mooi persoonlikheid het?

Motiveer jou antwoord. (1)

2.6 Waarom sal dit slim wees om jou boek by *Rooi Rose* te koop? (1)

2.7 Haal DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE aan wat aandui dat die boek, *Die No. 1-Vrouespeuragentskap*, nie net in Botswana gelees word nie. (1)

2.8 Mma Ramotswe glo dat alle mense sleg is.

2.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

2.8.2 Haal EEN SIN uit die resensie aan om jou antwoord te bewys. (1)

2.9 Wat ’n heerlike boek! (Reëls 24 en 25)

2.9.1 Is hierdie stelling oor dié resensie ’n FEIT of ’n MENING? (1)

2.9.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 2.9.1. (1)
**[12]**

**EN**

## VRAAG 3: INLIGTINGSTUK

Lees en kyk na die onderstaande inligtingstuk en beantwoord die vrae.

# KOS WAT JOU GOED LAAT VOEL

### 1. Knoffelbrood

Navorsing wys dat die geur van knoffelbrood gesinne baie gelukkiger laat voel. Dit verminder ook negatiewe kommentaar om die etenstafel met 23%!

### 2. Vis

Vetterige vis soos sardyne, tuna, salm en haring is ryk aan omega 3-vette. Dit beskerm jou teen depressie. Omega 3-vette stel serotonien in die brein vry wat 'n mens se brein goed laat voel.

### 3. Sjokolade

Sjokolade bevat fenieletielamien, 'n stof wat help om jou emosies te reguleer. Hierdie soetgoed is baie populêr onder oud en jonk. Maar moenie te veel eet nie!

**RAADPLEEG www.health24.com vir verdere inligting.**

**BONUSWENK:** Liefdadigheid werk uitstekend om jou goed te laat voel. Navorsing wys dat mense wat goeie dinge vir ander mense doen, gelukkiger is en minder hartseer en gespanne voel.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Maart 2010]

Kies die woord uit KOLOM B wat pas by die stelling in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – F) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B |
|---|---|---|
| 3.1 | Dit kan etenstyd negatiewe kommentaar verminder. | A liefdadigheid |
| 3.2 | Dit is ryk aan omega 3-vette. | B serotonien |
| 3.3 | Dit laat 'n mens se brein goed voel. | C vis |
| 3.4 | Dit help om jou emosies te reguleer. | D knoffelbrood |
| 3.5 | Dit verminder hartseer en spanning. | E sjokolade |
| | | F soetgoed |

(5 x 1) **[5]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**EN**

## AFDELING B: OPSOMMING

### VRAAG 4: SUKKEL JY OM TE STUDEER?

In die onderstaande teks is wenke wat jou sal help om te leer.

- Som dié wenke in sewe sinne op.
- Skryf die wenke in volsinne neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat ’n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

# SUKKEL JY OM TE STUDEER?

**Dan moet jy leer hoe om te leer.**

**Hier volg ’n paar WENKE wat jou sal help ...**

1 Vir skole is die akademie belangrik en daarom bied skole die volgende wenke aan leerders.

2 Dit is baie belangrik dat jy vaste studietye by die huis het om die werk wat in die klas gedoen is, te hersien. Dan hoef jy nie bang te wees as die tyd kom om vir toetse of eksamens te studeer nie.

3 Jy moet ’n spesifieke plek in die huis hê waar alles bymekaar is waar jy jou skoolwerk kan doen. As hierdie plek georganiseerd is, sal jy nie nog tyd mors om te soek na notas of boeke nie.

4 ’n Goeie hersieningsrooster bepaal jou eksamensukses, maar net as jy daarby hou. As jy by ’n goeie hersieningsrooster hou, help dit jou om die idee van “eet die olifant happie vir happie” te volg.

5 Daar word jaarliks winter- of lenteskole aangebied waar leerders klasse bywoon om hersiening te doen. Dit is baie belangrik dat leerders in graad 10 tot 12 gedurende vakansies hierdie klasse bywoon.

6 Alhoewel skoolgaande jongmense tyd moet hê om saam met vriende te ontspan, behoort daar vasgestelde reëls te wees. Hierdie reëls moet bepaal hoe laat jy gaan slaap en hoe laat jy mag uitbly.

7 Skoolbywoning is net so belangrik, want die klaskamer is die plek waar jy die beste leer as jy met aandag luister. As jy afwesig is, verloor jy 6 tot 7 periodes per dag wat jy baie moeilik kan inhaal.

8 Enige probleme wat jou aandag aftrek, sal jou konsentrasie verminder. Die geheim is dus om ontspanne te wees terwyl jy leer.

[Verwerk uit: *Kuier*, 28 April 2010]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

**EN**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 5: ADVERTENSIE

Die taalvrae wat volg, is op die advertensie van *Nashua Mobile* gebaseer.




Te koop by *Nashua Mobile*-winkels of skakel 0861 531 531.
Webtuiste: www.nashuamobile.com

[Verwerk uit: *Sarie*, Desember 2009]

5.1 Gee die meervoud van die vetgedrukte woord.

Hierdie **selfoon** is doodgewoon. (1)

5.2 Gee die antoniem van die vetgedrukte woord.

Om vinnig hulp te kry met hierdie selfoon, is nie **moeilik** nie. (1)

5.3 Gee die afkorting van die vetgedrukte woord.

*C-Track ICE* bied kliënte ook, **byvoorbeeld**, die beste diens. (1)

5.4 Gee die verkleining van die vetgedrukte woord.

Dit is 'n **apparaat** om jou op te spoor. (1)

5.5 Kies die KORREKTE spelling van die woord tussen hakies.

Jy kan (vuur/vier/veer) nommers op jou foon hê vir noodgevalle. (1)

5.6 Kies die KORREKTE werkwoord tussen hakies.

Ouers (herken/erken) dat *C-Track ICE* baie goed vir hulle werk. (1)

5.7 Skryf die sin oor in die verlede tyd.

Hulp is onmiddellik beskikbaar. (1)

5.8 Gee die intensiewe vorm van die vetgedrukte woord.

Die seun is **bang** vir die hond. (1)

5.9 Voltooi die sin met die KORREKTE voornaamwoord.

'n Mens moet ... hond leer om jou eiendom te beskerm. (1)

5.10 Verander die stelsin in 'n vraagsin. Die vetgedrukte woorde is die antwoord.

Jy kan **die *C-Track ICE*** slegs by *Nashua Mobile* koop. (1)

5.11 Skryf die sin oor in die lydende/passiewe vorm.

*Nashua Mobile* stel *C-Track ICE* bekend.
Begin só: *C-Track ICE* ... (1)

5.12 Skryf die sin oor in die toekomende tyd.

Bekommerde ouers voel gerus oor hulle kinders. (1)

5.13 Gee die oortreffende trap van die woord tussen hakies.

Hierdie selfoon is die (nuut) op die mark. (1)

Kopiereg voorbehou 

5.14 Skryf die sin oor met die KORREKTE leestekens.

Ma sê Neem jou *C-Track ICE* saam wanneer jy uitgaan (2)

5.15 Kies die KORREKTE voorsetsel tussen hakies.
Die seun hou styf (in/aan/by) die paal vas. (1)

5.16 Skryf die sin oor in die infinitief.

As jy in die moeilikheid is, bel.
Begin só: As jy in die moeilikheid is, behoort jy ... . (1)

5.17 Kies die woord/woorde wat die volgende idioom KORREK voltooi. Skryf net die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Moenie slapende honde ... nie.

A losmaak
B wakker maak
C skrikmaak
D onrustig maak (1)

5.18 Verbind die twee sinne met die voegwoord tussen hakies.

Jou familie voel gerus. Jy kan dadelik opgespoor word. (omdat)
Begin só: Jou familie voel gerus, omdat ... . (1)
**[19]**

**EN**

## VRAAG 6: TYDSKRIFARTIKEL

Die taalvrae wat volg, is op die volgende tydskrifartikel gebaseer.

# MERKWAARDIGE SUID-AFRIKANERS

## POLITIEK

**Nelson Mandela (92)**

Hy sal altyd onthou word vir sy respek vir ander. Toe hy uit die tronk vrygelaat is, het hy sy vyande vergewe. Hy het hard daaraan gewerk om vrede tussen rassegroepe te behou.

**FW de Klerk (75)**



Hy was 'n prokureur en president van die land. Hy het die transformasie begin. In 1994 het hy Suid-Afrika se eerste demokratiese verkiesing gelei.

## VERMAAK

**Miriam Makeba**
**(1932-2008)**

In 1966 het sy as sanger 'n *Grammy* ontvang vir die beste album. Die album het oor die lot van ons mense in Suid-Afrika gedurende apartheid gegaan.

**Gavin Hood**
**(46)**

'n Suid-Afrikaanse rolprent, *Tsotsi*, het vir die eerste keer 'n Oscar gewen. *Tsotsi* is in 2006 as die beste buitelandse rolprent aangewys.

## WETENSKAP EN TEGNOLOGIE

**Chris Barnard**
**(1922-2001)**

In 1967 het hy die wêreld se aandag op Suid-Afrika gevestig. Hy het vir die eerste keer met sukses 'n hart in 'n mens oorgeplant.

**Mark Shuttleworth**
**(36)**

In 2004 het hy die Ubuntu-projek wat gratis sagteware vir rekenaars verskaf, gestig. Hy was ook die eerste Afrikaan in die ruimte.

## SPORT

**NATALIE DU TOIT**
**(26)**

Sy is 'n swemmer wat haar been in 2001 in 'n ongeluk verloor het. Sy het vyf goue medaljes by die Paralimpiese Spele gewen. In 2008 het sy in die gewone Olimpiese Spele in Beijing geswem.

[Verwerk uit: *Huisgenoot*, 11 Maart 2010]

Kopiereg voorbehou

6.1 Skryf die sin oor in die indirekte rede.

Nelson Mandela sê: "Ek het my vyande vergewe."
Begin só: Nelson Mandela sê dat ... . (2)

6.2 Skryf die sin oor en rangskik die gedeelte tussen hakies in die KORREKTE volgorde.

Al die mense in Suid-Afrika (in die demokratiese verkiesing / kon / in 1994 stem). (1)

6.3 Vorm 'n samestelling van die woorde tussen hakies.

Miriam Makeba se nuwe album (wat + met) sy spog, is gewild. (1)

6.4 Gee die sinoniem van die vetgedrukte woord.

Die sagteware vir rekenaars is **gratis**. (1)

6.5 Skryf die sin in die ontkennende vorm.

*Tsotsi* is as die beste buitelandse rolprent aangewys. (1)

6.6 Gee die teenoorgestelde geslag van die vetgedrukte woord.

In 1966 het Miriam Makeba as **sanger** 'n Grammy vir die beste *folk*-opname ontvang. (1)

6.7 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Gavin Hood, 'n (bekend) rolprentmaker, het 'n Oscar gewen. (1)

6.8 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Die (Suid-Afrika), Chris Barnard, het die wêreld se eerste hart oorgeplant. (1)

6.9 Kies die KORREKTE woord tussen hakies.

Mark Shuttleworth is bekend as 'n goeie (lyer/leier). (1)

6.10 Skryf die getal tussen hakies in woorde.

Natalie du Toit is 'n (26)-jarige swemmer. (1)

6.11 Skryf die sin oor en vervang die vetgedrukte woord met "nogtans".

Sy het haar been verloor, **maar** sy het in die gewone Olimpiese Spele in Beijing geswem. (1)

6.12 Gee die KORREKTE vorm van die woord tussen hakies.

Chris Barnard het die wêreld se eerste (hartoorplant) gedoen. (1)

6.13 Wat is die betekenis van die vetgedrukte woord in die konteks van die sin?

Hierdie sewe mense is beslis **rolmodelle**. (1)
**[14]**

**EN**

**VRAAG 7: GRAPPIE**

Die taalvrae wat volg, is op die volgende grappie gebaseer.

**EERSTE UIT**

'n Man en sy vrou val saam in 'n put.
Wie kom eerste uit?
Die vrou. Sy het 'n leer in haar kous gekry!

[Aangepas uit: *Huisgenoot*, 11 Maart 2010]

7.1 Gee EEN WOORD vir die woorde tussen hakies.

Die (persoon wat wen) in 'n kompetisie, sal 'n prys ontvang. (1)

7.2 Skryf die volgende sin in die direkte rede.

Die vrou sê dat sy 'n leer in haar kous gekry het.
Begin so: Die vrou sê: "... ." (2)

7.3 Kies die KORREKTE voorsetsel tussen hakies.

Almal sal (met/vir/tot) die man lag as hy verloor. (1)

7.4 Vorm 'n deelwoord van die woord tussen hakies.

Die vrou het (huil) uit die put geklim. (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A – D) neer.

Hoe sal die man sy blydskap uitdruk as hy miskien eerste uit die put sou kom?

Die man skree: "... ! Ek is eerste uit."

A Hoera
B Ag nee
C Ag siestog
D Liewe hemel

7.6 Gebruik die vetgedrukte woord in ŉ sin sodat dit ŉ ander betekenis het.

Sy het ŉ **leer** in haar kous gekry! (1)
**[7]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**
**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou